Les 3

**10 tot 16 Oktober*

Die wet as leermeester

Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Deut. 6:5; Deut. 31:9–27; Rom. 3:19–23; Op. 12:17; 14:12; Mark. 6:25–27; Heb. 5:8.

Geheueteks:
"Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag" *(Deuteronomium 6:5).*

In sy brief waarsku Paulus die Galasiërs teen wettisisme. Hy skryf: "Is die wet dan teen die beloftes van God? Nee, stellig nie! Want as daar 'n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die geregtigheid werklik uit die wet wees" *(Gal. 3:21).* Indien daar, natuurlik, enige wet was wat "lewend" kon maak, sou dit God se wet wees. En tog maak Paulus die stelling hier dat vir ons as sondaars, nie eens God se wet lewe kan gee nie. Waarom? "Die Bybel sê vir ons dat ons almal in die mag van die sonde vasgevang is. God se belofte dat Hy almal vryspreek wat glo, is daarom net vir dié van ons bedoel wat in Jesus Christus glo" *(Gal. 3:22, DB).*

As die wet dan nie lewe aan die sondaar gee nie, wat is die doel daarvan, behalwe om ons attent te maak op ons behoefte aan genade? Is die wet dus slegs negatief in sy funksie, net om ons op ons sondes te wys? Nee; die wet is ook daar om ons te rig in ons lewenswyse, wat slegs in Jesus gevind word. Dit is ook waaroor ware opvoeding behoort te handel, dit rig ons na 'n lewe van genade, 'n lewe van geloof, en 'n lewe van gehoorsaamheid aan Christus. Daarom sal ons in hierdie week se studie ondersoek instel na die rol van God se wet in die hele vraagstuk van Christelike opvoeding. Terwyl ons dit doen, kom ons kyk wat die wet, al kan dit ons nie red nie, ons nog steeds kan leer oor geloof, oor genade, en oor God se liefde vir die gevalle mensdom.

**Bestudeer hierdie week se les om as voorbereiding vir Sabbat, 17 Oktober.*

Sondag

11 Oktober

Om God lief te hê en te vrees

Die boek Deuteronomium bevat Moses se laaste woorde aan Israel voor ‘n nuwe generasie, die een wat uiteindelik die Beloofde land sou ingaan. Maar voor hulle dit doen, rig hy baie duidelike woorde en instruksies aan hulle.

Lees Deuteronomium 31:9–13. Wat beteken dit om die Here te vrees?

God was doelgerig in die wyses waarop Hy Sy wet aan Israel oorgedra het. Hy het elke moontlike voorsiening gemaak sodat Sy wette nie vergeet sou word nie. Op hierdie wyse is God ‘n lankmoedige opvoeder. Hy leer en herhaal en stuur profete en gebruik Sy diensknegte om Sy boodskap oor te dra. En Hy doen dit oor en oor. Is baie van die geskrifte van die Ou Testament niks anders as maar net God wat poog om Sy volk te leer om die lewensweg te volg nie?

Let op daarna dat Moses in hierdie teksverse dit benadruk hoe belangrik dit is dat toekomstige generasies die wet moet leer. Moses beskryf dit as ‘n twee-ledige proses. Eerstens sal die kinders die wet hoor, en dan moet hulle “leer om die Here julle God te vrees” *(Deut. 31:13)*. Eerstens hoor hulle, en daarna leer hulle om God te vrees. Dit beteken eintlik dat om die wet te leer, vrees nie noodwendig ‘n natuurlike uitkoms is as jy die wet ken nie. Die proses om God te vrees, moet geleer word. Moses veronderstel dat kennis en vrees ‘n proses is, nie ‘n onmiddellike verhouding van oorsaak-en-gevolg nie.

Wat beteken dit om God te “vrees” wanneer mense ook gesê word om “die Here jou God lief (te) hê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag” *(Deut. 6:5)*? Moontlik kan ons dit vergelyk met ‘n kind wat ‘n goeie vader liefhet en vrees, ‘n vader wat sy liefde en sorg openbaar deur te bedoel wat hy sê, en sê wat hy bedoel. Met so ‘n vader, as jy verkeerd sou optree, sal jy beslis die gevolge van jou verkeerde dade dra. Ja, ons kan, en moet, God terselfdertyd liefhê en vrees. Dit is nie twee weersprekende idees nie. Hoe meer ons van God leer, hoe meer sal ons Hom liefhê vanweë Sy goedheid; en terselfdertyd sal ons ook hoe meer ons Hom leer ken, Hom meer kan vrees. Want ons kan juis nou sien hoe heilig en regverdig Hy is, en in teenstelling hoe sondig en ongeregtig ons is. Dit is slegs deur genade – onverdiende guns – dat ons nie vernietig word nie.

Hoe verstaan jy wat dit beteken om God lief te hê en terselfdertyd te vrees?

Maandag

12 Oktober

‘n Getuie teen jou

Toe Moses geweet het dat hy binnekort sou sterf, was hy uitermate bewus van die omstandighede wat hy sou agterlaat. Hy het geweet dat die Israeliete na sy dood die beloofde land van Kanaän sou binnegaan. Hy het ook geweet dat hulle opstandig sou word nadat hulle die langverwagte bestemming bereik het.

Lees Deuteronomium 31:14–27. Watter voorbereidings tref Moses voor sy afsterwe? Wat was Moses se grootste bekommernisse, en hoe spreek hy daardie kwessies aan?

Moses se ingesteldheid het dalk gelyk soos ‘n onderwyser wat voorberei vir ‘n aflos-leerkrag. Hy het geweet dat sy leerders hulle wangedra het in sy teenwoordigheid in die klaskamer; hy is nie so mislei dat hy dink hulle sal dit nie ook in sy afwesigheid doen nie. Hy gee die Leviete, wat die verbondsark gedra het, opdrag om die wetboek langs die ark te plaas sodat dit ‘n “getuie teen jou” sal wees. Moses oorhandig nie bloot ‘n lesplan aan sy aflos nie. Hy oorhandig ‘n getuienis. Moses praat van die wetboek asof dit ‘n lewende wese met gesag is wat die harte van mense berispe.

Dink aan die wet as ‘n “getuie teen” hulle. Hoe verstaan ons hierdie voorstelling ook in die Nuwe Testament? Lees Rom. 3:19–23. Met ander woorde, hoe wys die wet ons daarop dat ons ‘n behoefte aan genade het?

In Deuteronomium 31 gee God aan Moses die opdrag om ‘n lied neer te skryf wat die Here vir Moses geleer het. Dan moes Moses dit vir die Israeliete leer, sodat, soos in vers 19 beskryf, “hierdie lied vir My ‘n getuie teen die kinders van Israel kan wees”. Hier sien ons weer dat God se opdragte gepersonifiseer word. Wanneer ‘n lied gesing word, word dit makliker gedeel en versprei. En wanneer ‘n lied ‘n getuienis is, het dit die vermoë om mense te dwing om na hulleself te kyk en te sien wat dit van hulle sê.

Selfs al poog ons om gehoorsaam aan God se wet te wees met al ons God-gegewe krag, op watter wyses funksioneer Sy wet as ‘n “getuie teen” ons? Wat leer hierdie getuienis ons aangaande die behoefte aan die evangelie in ons lewens?

Dinsdag

13 Oktober

Dan sal jy voorspoedig wees

Deur die hele Bybel hoor ons van ander uitkomstes om God se wet te ken en daaraan gehoorsaam te wees.

Lees Josua 1:7, 8. Wat het die Here aan Josua gesê, en hoe is hierdie beginsels vandag op ons van toepassing?

Die Here sê vir Josua toe hulle Kanaän binnegaan: "Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wat wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan" *(Jos. 1:7)*. Hierdie idee van sukses as 'n gevolg van gehoorsaamheid mag dalk die teenoorgestelde lyk as die wyse waarop sukses vandag in ons wêreld gemeet word. Baie glo vandag dat die kenmerke van sukses die volgende is: innovering, kreatiwiteit, en selfonderhouding. Om suksesvol in 'n spesifieke industrie te wees, verg dikwels buitengewone talent en die neem van riskante besluite. Maar in God se oë vereis sukses 'n ander soort stel hulpbronne.

Lees Openbaring 12:17, Openbaring 14:12, Romeine 1:5, Romeine 16:26, Jakobus 2:10–12. Wat sê hierdie teksverse vandag aan ons oor gehoorsaamheid aan God se wet? Met ander woorde, al word ons nie deur gehoorsaamheid aan God se wet gered nie, waarom is dit so belangrik dat ons dit nog steeds onderhou?

Ou Testament, Nuwe Testament, Ou Verbond, Nuwe Verbond- dit maak nie saak nie: as Christene wat in die Bybel glo, is ons geroep tot gehoorsaamheid aan God se wet. Oortreding van die wet, ook genoem sonde, kan maar net aanleiding gee tot pyn, lyding, en die ewige dood. Wie het nog nie self geleer, of self ervaar, wat die gevolge van sonde, die gevolg van die oortreding van God se wet is nie? Net soos antieke Israel voorspoedig was met die onderhouding van God se wet (al het hulle ook genade nodig gehad), is dit ook geensins anders vir ons vandag nie. As deel van 'n Christelike opvoeding het ons daarom nodig om God se wet te onderhou as 'n sentrale komponent van wat dit beteken om deur geloof te leef en op God se genade te vertrou.

Wat was jou eie ervaring met die gevolge van sonde? Wat het jy geleer, wat jy met ander kan deel, om sodoende hulle te help om dalk nie dieselfde foute te begaan nie?

Woensdag *14 Oktober*

Die vermoeienis en geswoeg van wetsonderhouers

Daar is wonderlike voordele daaraan verbonde om God se wet na te volg, waarvan mense kan getuig wat God voorspoedig gemaak het. Josua het God se voorskrifte nougeset nagevolg, en hy het die volk van Israel baie goed gelei. Keer op keer het die Here aan Israel gesê dat hulle voorspoedig sal wees indien hulle aan die wet gehoorsaam is.

Lees 2 Kronieke 31:20, 21. Wat is hoofsaaklik die redes in hierdie teksgedeelte waarom Hiskia voorspoed ervaar het?

Ongeag in watter opvoedingsomgewing ons onsself bevind, moet ons die belangrikheid van gehoorsaamheid beklemtoon. Ons studente is boonop nie dom nie. Hulle sal op een of ander stadium die harde feite oplet dat sommige mense getrou, liefdevol, en gehoorsaam is. Wat daarvan? Die onheil tref hulle ook. En hoe verduidelik mens dit? Die feit is, ons kan nie. Ons bevind onsself in 'n sondige wêreld, vol boosheid, en waar groot konflik heers, en nie een van ons is immuun daarteen nie.

Wat leer hierdie teksverse ons oor hierdie moelike vraag? Markus 6:25–27; Job 1, 2; 2 Kor. 11:23–29.

Sonder twyfel is dit so dat goeie en getroue mense, wetsgehoorsames, nie altyd voorspoedig is nie, ten minste in die sin hoe die wêreld voorspoed definieer. En hier mag dalk 'n gedeeltelike antwoord op hierdie moeilike vraag wees. Dis 'n vraag wat sonder twyfel altyd geopper sal word in ons pogings om die belangrikheid van die wet te leer. Wat word presies bedoel met "voorspoed"? Wat het die psalmdigter gesê? "Waarlik, één dag in u tempel is beter as duisend daarbuite. Ek staan liewer by die drumpel van die huis van my God as om te woon in huise sonder God" *(Ps. 84:11, AFR83)*. Volgens die wêreld se standaarde, ongetwyfeld, is dié wat getrou en gehoorsaam is aan God se wet nie altyd "voorspoedig" nie, ten minste in die huidige tyd. Ons doen ons studente 'n onreg aan indien ons iets anders sê.

Lees Hebreërs 11:13–16. Op watter wyse is hierdie verse van waarde sodat ons kan begryp waarom die getroues nog steeds in hierdie lewe deur lyding gaan?

Donderdag *15 Oktober*

Jesus, ons voorbeeld

Jesus Christus, die Seun van God, was die enigste mens wat ‘n lewe in volmaakte gehoorsaamheid aan die Vader geleef het, asook in volmaakte gehoorsaamheid aan God se wet. Hy het dit gedoen, nie net om ons plaasvervanger te wees nie, (wat Hy wel is), maar om ook ons voorbeeld te wees, soos Hy inderdaad was.

Lees die volgende gedeeltes: Lukas 2:51, 52; Filip. 2:8; Heb. 5:8; Joh. 8:28, 29. Op watter wyse herinner dit ons aan Christus se gehoorsaamheid deur Sy hele lewe?

Dalk verwoord Johannes dit die heel beste toe hy die volgende geskryf het: “Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het” *(1 Joh. 2:6)*. Wanneer ons oë gerig is op die lewe van Christus en Sy bediening op aarde, is dit maklik om te sien hoe Hy sy Vader behaag het deur Sy gehoorsaamheid. Christus het die profesie vervul, en Hy het Sy lewe lank God se wette onderhou.

Net soos God aan Moses gesê het om Sy wet neer te skryf as ‘n getuie vir Israel, was Christus ook die beliggaming van die getuienis aan Sy dissipels en apostels, aan sondaars en heiliges. In stede daarvan om tans slegs ‘n stel reëls te hê om na te volg, het ons die voorbeeld van Jesus, ‘n mens van vlees en bloed, wat ons ook kan navolg. Watter beter rolmodel kan onderwysers aan studente voorhou as Jesus en hoe Hy aan die Vader gehoorsaam was?

“Daardie sogenaamde geloof in Christus wat mens vrystel van gehoorsaamheid aan God, is nie geloof nie, maar vermetelheid. “Uit genade is julle gered deur die geloof.” *Efe. 2:8*. Maar, “die geloof, as dit geen werke het nie, is in sigself dood.” *Jak. 2:17*. Voordat Jesus na die aarde toe gekom het, het Hy van Homself gesê: “Ek het lus, o, my God, om u welbehae te doen, U wet is binne-in my ingewande.” *Ps. 40:9*. En kort voor Hy na die hemel opgevaar het, het Hy gesê: “Ek het die gebooie van my Vader bewaar en bly in sy liefde.” Joh.15:10. Die Skrif sê : “Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons sy gebooie bewaar ... Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.” *1 Joh. 2:3-6*.”—Ellen G. White, *Skrede na Christus*, p. 61.

Op watter gebiede kan jy verbeter om Christus se voorbeeld op alle lewensterreine in jou uit te leef, en sodoende ook ‘n beter onderwyser aan ander te wees? Al is dit ‘n verouderde idee, selfs alledaags, waarom spreek alles wat ons doen - ons dade – soveel harder as ons woorde?

Vir verdere studie:

"Liefde, as grondslag van die skepping en verlossing, is die basis van ware opvoeding. Dit word duidelik gestel in die wet wat God as lewensgids gegee het. Die eerste en groot gebod is: "Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand." *Lukas 10:27*. Om Hom, die Oneindige, die Alwetende, uit die hele krag en verstand en hart lief te hê, beteken die hoogste ontwikkeling van elke vermoë. Dit beteken dat die beeld van God in die ganse wese - die liggaam, die verstand, sowel as die siel - herstel moet word. Gelyk aan die eerste is die tweede gebod: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." *Matthéüs 22:39*. Die liefdeswet verg die toewyding van liggaam, verstand en siel tot die diens van God en ons medemens. En terwyl dit ons vir andere tot seën laat strek, bring hierdie diens die grootste seën vir onsself mee. Onbaatsugtigheid is die grondslag van alle ware ontwikkeling. Deur onselfsugtige diens ontvang ons die uitnemendste veredeling van elke gawe. Steeds meer en meer word ons die Goddelike natuur ten volle deelagtig. Ons word vir die hemel toegerus, want ons ontvang die hemel in ons harte."—Ellen G. White, *Opvoeding*, p. 16.

Vrae vir bespreking:

1. Soos die ou Israel moet ons God liefhê en terselfdertyd vrees *(Matt. 22:37, Op. 14:7)*. Bespreek in die klas hoe ons albei kan doen. Beantwoord ook die volgende vraag: Waarom is hierdie twee gebooie nie in konflik met mekaar nie?

2. Wat is die verskil tussen die stel van 'n standaard, en om 'n reël te maak? Is Adventisme, uit jou ervaring, meer daaroor begaan om hoë standaarde binne die gemeenskap van sy gelowiges daar te stel, of om reëls te maak wat sy gemeenskap verenig? Wat leer die Skrif oor die stel van hoë standaarde vir onsself? Vir ons gesinne? Vir ons kerk?

3. Hoe handhaaf ons die korrekte balans deur belang te gee daaraan om gehoorsaam te wees aan die wet van God, en terselfdertyd te wys dat hierdie gehoorsaamheid nie die bron van ons verlossing is nie?

4. Lees Psalm 119 en maak 'n aantekening van hoeveel keer daar verwys word na gehoorsaamheid, vryheid, wette, reëls, en gebooie (opdragte). Wat wil die digter van Psalm 119 oor hierdie temas oordra?